die wapad

DEEL XIV VRYDAG, 7 AUGUSTUS 1959 Nr. 11

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P. U. VIR C. H. O.

# LEWENDIGE DEBAT

Die debatteerders van die Potchefstroomse en Pietermaritzburgse universiteite het verlede Saterdagaand in die Totius-gedenksaal interessante bespreking gevoer oor afsonderlike ontwikkeling van rasse deur middel van Bantoe-kolleges.

'n Misverstand oor die presiese bewoording van die onderwerp het egter veroorsaak dat die besprekingspunt nie aan die gehoor oopgestel is nie.

Die toesprake van die ses sprekers was deurgaans van 'n hoë gehalte en insiggewend en verteenwoordigend van die algemeen heersende menings aan die twee kante.

Die Puk se sprekers was: mnrr. Erasmus Smit, Idyll van der Walt en Chris Coetzee. Die besoekers is verteenwoordig deur mnrr. John Chettle, George Schmidt en Neels Coetzee.

# Federasie: S.R.-Voorsitter Stap Uit - *VERSLAG*

**OP DIE LAASTE MASSAVERGADERING IS 'N OPE MANDAAT AAN DIE STUDENTERAAD GEGEE MET BETREKKING TOT DIE VOORGESTELDE FEDERASIE VAN STELLENBOSCH. AANGESIEN DIE STUDENTERAAD HIERDIE SAAK IN 'N ERNSTIGE LIG BESKOU, IS 'N KOMMISSIE AANGEWYS OM DIE STUDENTERAAD TE ADVISEER. DIE KOMMISSIE SE BEVINDINGS WAS TEEN SO 'N FEDERASIE. DIE KOMMISSIE-VERSLAG IS DEUR DIE STUDENTERAAD AANVAAR, EN 'N PAAR VAN DIE VERNAAMSTE BESWARE WAS:**

1. Daar is vir die P.U. vir C.H.O. geen plek binne hierdie voorgestelde federasie nie. Sonder 'n definitiewe grondslag het geen organisasie bestaansreg aan die P.U. nie.
2. Dit is vir hierdie Studenteraad duidelik dat gekies sal moet word tussen Stellenbosch se S.A.N.S.O. (Suid-Afrikaanse Nasionale Studenteorganisasie) en die A.S.B. aangesien volgens die voorgestelde grondwet wat ons ontvang het, die twee nie naas mekaar kan bestaan nie.
3. Die S.A.N.S.O. sal hom nie oor beginsel en beleidssake kan uitspreek nie aangesien dit in sy wese alreeds sal bestaan uit mense wat nie wedersyds dieselfde beginsels nastreef nie.
4. Die hele saak dra 'n kleur van humanisme.
5. Die posisie van die nie-blanke kon nie definitief gereël word nie.
6. Die verskillende volksgroepe sal hulle eie identiteit verloor.

### HOOFBESTUUR EN STUDENTERAAD-VOORSITTERS

Die Hoofbestuur van die A.S.B. het Vrydagmiddag en -aand 31 Julie in Pretoria vergader, die saak bespreek en verwerp met twee persone buite stemming. Saterdag, 1 Augustus, is 'n vergadering gehou van alle Studenteraadsvoorsitters waar alle Afrikaanse universiteite en opleidingskolleges, behalwe Wellington en Paarl verteenwoordig was. Die vergadering is byeen geroep op grond van 'n kongresbesluit wat soos volg lui:

**„Dat die hoofbestuur by die beleidsraad aanbeveel dat die volgende beleid met betrekking tot toekomstige studenteverhoudings in Suid-Afrika aanvaar word:**

**Dat die A.S.B. se taak ten opsigte van die huidige probleme ook met betrekking tot sy verteenwoordigingstaak nog nie voltooi is nie.**

**Dat die A.S.B. dus as sodanig sonder enige verandering in sy grondwet sal bly voortbestaan, met dien verstande dat daar intussen deeglike studie en ondersoek gedoen sal word asook praktiese stappe in diè rigting indien prakties moontlik, om samewerking op federale grondslag met andersdenkendes tot stand te bring.**

**Dat die A.S.B. dus met sy roeping en taak sal voortgaan.**

**Dat die Studenteraad van Stellenbosch:**

**(i) Sy voorstel in verband met die stigting van 'n Federasie van Studenterade eers aan die Studenterade van alle Afrikaanse Hoër opvoedkundige inrigtings sirkuleer met die doel om**

**(a) te bepaal wat die noodsaaklikheid of wenslikheid al dan nie, is vir die stigting van sodanige liggaam.**

**(b) Verdere voorstelle in verband met die werking van sodanige standpunte ontvang is die verskeie studenterade byeenkom om die verdere stigting en detail in verband hiermee uit te werk.**

(Vergelyk A.S.B.-kongres notule 1959, bl. 8, en die Verslag van die A.S.B. se kommissie i/s die innerlike teenstrydigheid, bl. 4.)

### VERGADERING VERLAAT

Mnr. C. B. Roelofse van U.S. is as voorsitter van die vergadering gekies en het 'n inleidende toespraak gehou waarin hy enersyds die hele saak verduidelik het en andersyds propaganda gemaak het vir S.A.N.S.O. Daarna het mnr. J. Strauss, President van die A.S.B., die kommentaar van die A.S.B.-hoofbestuur voorgedra. Hierna is aan elke S.R.-voorsitter gevra wat die standpunt van sy Studenteraad is ten opsigte van 'n Federasie in enige vorm. P.U., U.P. en U.O.V.S. was teen 'n federasie in enige vorm naas die huidige A.S.B. Die res was vir 'n federatiewe gedagte maar nie vir 'n Federasie soos voorgestel in S.A.N.S.O. nie, behalwe U.S. Hierna is mnr. Ben Pieters van Stellenbosch twee uur lank aan die woord gewees met 'n toespraak waarin hy U.S. se besware teen die A.S.B. en die sogenaamde voordele van S.A.N.S.O. bespreek het. Na mnr. Pieters se betoog het die voorsitter aangekondig dat ons formeel sou stem en dat die stemming sal gaan VIR of TEEN 'n Federasie in enige vorm. Op hierdie stadium het ek beswaar gemaak teen die ordereëling en het gevra dat elke verteenwoordiger die geleentheid moet kry om sy Studenteraad se standpunt te motiveer. Ek is in my beswaar gesteun deur mnr. G. Pelser van U.P.-Binnemuurs. Die voorsitter het voortgegaan met sy ordereëling en verklaar dat motivering geen invloed kan hê op die stemming nie aangesien elke verteenwoordiger verplig is om te stem volgens sy mandaat. Hy was myns insiens verkeerd omdat:

Vervolg op bl. 4)

# Werkstuk ... Kommentaar

Die studiekomitee van die A.S.B. aan die Puk het so pas 'n lywige werkstuk voltooi oor die invloed van die geskrewe woord in die Afrikaanse volkslewe.

Die hele veld van die invloed van die geskrewe woord word behandel onder die vier hoofde: historiese oorsig, huidige toestand van die pers en letterkunde, perssensuur en 'n christelike beskouing oor kuns.

Die referate getuig van afronding en insig en is deurgaans van 'n besonder hoë standaard.

Die studiekomitee het bestaan uit: mnr. J. M. Els (konvenor), mejj. E. Brink en E. Rautenbach en mnrr. D. A. S. Herbst, P. W. Bingle en A. J. Viljoen.

Verwondering heers op die Puk oor die geheimsinnige geel strepe wat gedurende ons afwesigheid die terrein voor die hoofgebou ingeneem het soos gekamoufleerde „speed cops".

En nou word daar gewonder: wanneer kom die parkeermeters? Want 'n parkeerstreep veronderstel 'n parkeermeter. 'n Parkeermeter veronderstel 'n motorkar. 'n Motorkar veronderstel 'n bestuurder en 'n bestuurder is 'n mens. Wat is 'n student nou anders as 'n mens?

Daar is ook gewonder of die geel streep nie bedoel is om die mens self te oortuig nie. As hy netjies op 'n streep kan loop, kan hy selfs die hof oortuig dat hy nugter is.

# AUSTRALIËR KOM KOSMIESE STRALE MEET IN UNIE

'n Australiese wetenskaplike, dr. V. D. Hopper en sy assistente, dr. Jean Laby, van Melbourne-Universiteit, kom eersdaags na Potchefstroom om van sy navorsingwerk in verband met kosmiese strale te voltooi.

Dr. Hopper bestudeer kosmiese strale in die boonste luglae en win terselfdertyd gegewens in verband met meteorologiese toestande in die ruimtes in. Hy is van plan om ook na Suid-Amerika te gaan om dieselfde toetse daar te herhaal, met die bedoeling om die resultate alhier en in Suid-Amerika behaal, te korreleer met reeds verkreë resultate in Australië.

Dr. Hopper, vergesel van sy assistente, sy eggenote en drie seuns, het op 30 Julie in Kaapstad aangekom en word binnekort in Potchefstroom verwag. Een van die seuns gaan sy vader behulpsaam wees met die veldwerk verbonde aan die navorsing.

Aangesien dr. Hopper geïnteresseerd is in die primêre deel van kosmiese strale, word ballonne, gevul met waterstof en toegerus met die nodige instrumente, tot 'n hoogte van tussen 80,000 en 100,000 voet die lug opgestuur. Op hierdie hoogte is die ballon ongeveer 200 voet in deursnee. Die registrerende apparaat wat in die ballon bevat word, bestaan uit fotografiese emulsieplate waarop die kosmiese straal 'n spoortjie nalaat wat dan met spesiale apparaat bestudeer word.

Wanneer so 'n ballon opgestuur is kan dit maklik gebeur dat gedurende die ses tot agt uur wat die ballon in die lug is, dit tot twee honderd myl van die basis kan afdwaal. 'n Aansienlike tyd gaan dus verlore om die ballon eers weer op te spoor wanneer dit toegelaat word om te daal. Dr. Hopper sal bes moontlik van die Weerkundige kantoor in Pretoria se radar-opspoorapparaat gebruik maak om die ballon se posisie te bepaal. Binne sigbare afstand sal egter van 'n teodoliet gebruik gemaak word om die bewegingsrigting te bepaal.

Die Fisika-departement van die Universiteit is die enigste in die Unie wat navorsing in verband met kosmiese strale onderneem en daarvoor toegerus is. Die besoek van dr. Hopper sal die Departement dus ook baie baat, veral aangesien dr. Hopper heelwaarskynlik sy gegewens hier sal verwerk en die tegniek later deur ons eie navorsers toegepas sal kan word.

**If you are sitting on top of the world, have a thought sometimes for the folks who are carrying it on their shoulders.**




U
Fotograaf
vir
Kuns
en
Kwaliteit

***ALF'S STUDIOS***

KERKSTRAAT 133 TELEFOON 2432

**Die PADKAFEE ROADHOUSE**




VERSKAF U 24-UUR DIENS MET donderend-STRELENDE MUSIEK DEURENTYD.

Spesialiseer in:

- WARMBRAKKE
- HAMBURGERS („Ham Citizens")
- MAALTYE EN VERVERSINGS.

**Geen Verwarmers toegelaat?!**

Ontsteek 'n hopie KOLE, SMITSKOLE, of ANTRASIET van



**Stander & Linder**

**Wolmaransstr. 77 Tel. 368, 367**

in u kamer!

**W. LINDEQUE**

'N SKOENSPESIALIS VAN FAAM!

**Kerkstraat 64 Telefoon 1280**



**SPESIALE PRYSE VIR STUDENTE!**

**Drink die beste!**

- PEP-A-GUAVA
- PEP-A-DILLA
- TING-A-LING
- TOPHAT

PEP-I-DOO

S & S

Drink

- SUPER ORANGE
- FRESH ORANGE

**Foon 16 en 1144 - - - - Posbus 134**

**POTCH MINERAL WATERS**

**Adverteer in DIE WAPAD**


# SO TUSSEN ONS GESE...

Die jongste nuusbulletin lui dat daar 'n aanmerklike verdieping van die gat by Kimberley te bespeur is. Die rede? Die groot aantal verlowings gedurende die vakansie.

Wouda Toxopeus en Chris Coetzee het toe maar besluit om hul lot bymekaar te werp.

Alf het toe uiteindelik die moed bymekaar geskraap om vir Nellie Snyman te vra.

Alet van Rooy se oë blink nes die steen aan haar vinger. Die goeie oorsaak is natuurlik Peet Oescher.

Doors van der Walt vertel met 'n glimlag dat hy en Joan van Zyl ook nou verloof is.

Gert Hatting en Lydie de Waal het ook hulle moed bymekaar geskraap en 'n ring bekom met 'n blink klippie in.

Aan julle almal ons hartlike gelukwensinge en goeie wense vir die toekoms. Mag julle geluk net so helder bly soos die flikkering van die diamantjies aan die vingers.

Die toere was sosiaal glo besonder suksesvol. Esmé van Rensburg het „ja" gesê, en nou is sy en Johan van Niekerk gekys.

En dan hoor ek 'n voëltjie fluit dat Rita van der Wateren en Ben Bierman ook 'n kys oorweeg het.

Yvonne Boshoff sê ons moet tog vir Chris Bornman (jnr.) vra hoe wonderlik die Musiekvereniging se toer was.

Andries Myburgh en Annatjie Davel is ook gesweis.

# ALBERTHA HOWELL

Albertha Howell, 'n veelbelowende speelster in die Puk-dameshokkiespan, is gedurende die Inter-Universitêre Hokkietoernooi wat in Bloemfontein gehou is, gekies vir die Proteaspan. Sy is die eerste Pukdame wat die eer te beurt val. Alhoewel sy nog 'n eerstejaar is, het sy al baie bekendheid verwerf as hokkiespeelster. Op skool was sy die kapteine van die Suid-Natalse span, en gedurende die afgelope Julievakansie het sy ook Wes-Transvaal op die Inter-provinsiale Hokkietoernooi op Oudtshoorn verteenwoordig.

Die Proteaspan is 'n gekombineerde span wat gekies word uit al die universiteite in Suid-Afrika, en hulle onderneem gedurende die Desembervakansie 'n hokkietoer na Kenia. Baie geluk!

# NUFFIELD-BEURS TOEGEKEN

Dr. M. A. Meyer van die Fisika-departement vertrek einde Junie 1960 na Engeland waar hy aan die Universiteit van Durham navorsing gaan doen in verband met kosmiese strale.

Dr. Meyer sal 'n jaar lank navorsing doen deur bemiddeling van 'n Nuffield-beurs van £1400 wat aan hom toegeken is. Dit is dieselfde beurs waarmee Dr. H. J. Schutte op die oomblik aan die Universiteit van Oxford studeer.


**Die Bult Haarkappers en Juweliers**

TOMSTRAAT 86A

Die BESTE ADRES vir HERSTELWERK aan HORLOSIES



# die Wapad

**Redaksie en Administrasie**

| | | |
|---|---|---|
| HOOFREDAKTEUR | Nesco du Toit | 2911. |
| ONDER-HOOFREDAKTEUR en INTERUNIVERSITÊRE AANGELEENTHEDE | Dirk Herbst | X041 |
| NUUS | Dewald Roode en Frans van der Vyver | 1566. 1366. |
| KUNS | Enid Rautenbach | 1385. |
| VARIA | Proffie van Vuuren en Bets Coetzee | X041. 0013. |
| SPORT | Eddie van der Westhuizen | X041. |
| SPOTPRENTTEKENAAR | Ben van der Walt | 8611. |
| FOTOGRAWE | Johan van der Merwe en Marieke van der Merwe | 19. 281. |
| TEGNIESE ADVISEURS | Gouws Oberholzer en Henning Botha | 2162 X042 |
| SIRKULASIEBESTUURDER | Rassie Smit | X042. |
| ADVERTENSIEBESTUURDER | Bennie Bierman | 1188. |
| PENNINGMEESTER | Jan Kense | X09. |
| TAALADVISEUR | Dr. Hertzog Venter | |

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**

VRYDAG, 7 AUGUSTUS 1959




# REDAKSIONEEL
## VERBODE LEESSTOF

Dis gewoonlik hier by die maag langs.

So 'n absolute gat-in-die-niks-gevoel.

Bloubrief-reaksie.

En tog, wanneer die denke sigself wend in die rigting van redelose vrees verrig dit 'n nuttelose funksie. Dit word 'n ernstige struikelblok vir aksie—'n nuttelose gewas wat jou dreineer van elke druppel energie en inisiatief.

En gaan sit jy nou en analiseer die toestand op 'n koue, nugter manier, dan vind jy dat jy 'n kruiwa vol rook rondstoot.

En dis laf.

Laai liewers iets in en kry dit aan die gang.

Dan is daar dié wat alreeds verlede kwartaal die dinge aan die rol gekry het en met wie dit goed gaan.

Akademiese takelwerk loop glo skuins op boontoe, en as jy ophou klim gly jy af.

Die kabels is geghries.

Terloops—welkom terug, en soet wees: een van die dae kom oom Chroestjof kuier.

**Ondersteun Ons Adverteerders**




Vir u
- FIETSE
- BROMFIETSE
- MOTORFIETSE
- TIKMASJIENE

ens.,

Kom na—

J. HEIDEMA
POTCHEFSTROOM

Telefoon 364. Kerkstraat 48.

J. du Raan
HORLOSIEMAKER EN JUWELIER

Gewaarborgde Herstelwerk aan Horlosies deur G. Barth wat sy opleiding in Duitsland geniet het.
KERKSTRAAT 161
SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE

CENTRAL CASH STORES
SUPER MARKET
Bespaar Geld!
ONS IS EERSTE MET DIE SELFBEDIENINGSKEMA
Bedien uself! Bespaar Tyd!
SELFBEDIENING
. . . en sien wat u koop. Hierdie is die moderne koers
Telefoon 164/1167 Wolmaransstraat 81
POTCHEFSTROOM



AITSA!
As die DAMES so sê
Koop die Jongeheer sy klere by—
J. TOD SUTTIE
Kerkstraat 177 — Tel. 1
POTCHEFSTROOM.



Vir
Kwaliteit
DROOGSKOONMAAK
stuur
na —
WESTVAAL

Vir al u
TRAPFIETSE, N.S.U.-BROMFIETSE, BROMPONIES, MOTORFIETSE, ONDERDELE, en HERSTELWERK,
besoek — PARK FIETSWINKEL
(F. F. Tranter)
H/v. Van Riebeeck- en Lombardstraat. Foon 995
Asook: KRUIDENIERSWARE EN VARS PRODUKTE

Gedruk deur Enslins, Potgieterstraat 31, Potchefstroom

# GOEIE MUSIEK
## *Aan Plattelandse Gehore*

DIE LEDE VAN DIE MUSIEKVERENIGING DINK MET 'N GEVOEL VAN VERLANGE EN OOK VAN VOLDOENING TERUG AAN 'N HOOGS GESLAAGDE TOER GEDURENDE DIE AFGELOPE VAKANSIE. DIE TOER HET ONS GEVOER VAN YSIGE VOLKSRUST TOT SONNIGE NELSPRUIT. ONS HET VOOR WAARDERENDE GEHORE OPGETREE EN BY GAWE GASHERE TUISGEGAAN.

### FINANSIEEL

Ook finansieel was die toer geslaagd—wat geen klein prestasie is nie, as in aanmerking geneem word dat 'n groot gebied waardeur ons getoer het gedurende die winter in 'n hoë mate ontvolk is weens die koue klimaat. 'n Groot deel van die sukses van die reklamewerk en organisasie moet ook toegeskryf word aan die ywer en geduld van die REMBRANDT-verteenwoordiger, mnr. Van der Spuy.

Koerantopskrifte soos „Studente bied puik program aan" en „Musiekkonsert by uitnemendheid" dui aan van watter gehalte die program was. Koorleier Oom Piet het daarin geslaag om die koor tot die laaste opvoering op dieselfde peil te hou in weerwil van verkoues en keelseer. Soliste moes maar hul beste lewer ten spyte van koue vingers, klaviere met verwronge toonhoogtes en weerklanke in sale waar selfs die Duitse walse soos eggo-liedjies geklink het. Tog het die waarderende gehore die program in so 'n mate geniet dat talle persone myle ver gery het om die uitvoering 'n tweede keer te kon bywoon.

Vir die toerlede (31 stuks, Pa en Ma ingesluit) was die toer 'n grootse ondervinding. Ons dink terug aan die aankoms op Volksrust op 'n geniepsige en mistige wintersoggend; aan Newcastle waar die S.A.S. die (leë) wa twee uur **voor** die tyd laat vertrek het. 'n Roofaanval op die penningmeester (op Ladysmith) wat byna die kas 'n knou toegedien het. Dundee waar Oom Piet en Oom Attie tot watter tyd ná die opvoering met ons bok-bok gespeel het in die hoofstraat. Lekker ou donker tonnel tussen Waterval-Boven en -Onder. Ongerieflike gebrek aan elektriese lig in die wa laat in die aand, ná die opvoering, wanneer die batterye steeks was (heel gerieflik vir die bedrywighede in die gangetjie). Gawe Nelspruit. Nat Lydenburg. Germiston met sy oulike stadsaal en nog ouliker stadsraad. En, dwarsdeur die toer, die gawe gashere wat ons ontvang het. Ons sal ook altyd vir Oom Piet, Oom Attie en Tant Emmie onthou as die beste reisouers wat saam met ons kon gaan toer het.

Die P.U.-Musiekvereniging kan gelukgewens word met 'n geslaagde toer. Mag dit volgende jaar weer sulke tyd wees.

J. v.d. M.

## CALVYN-JUBILEUM

**Die Calvyn-jubileum word op 7 Augustus om 7.30 nm. in die Totiusgedenksaal gevier. Dit word aangebied onder beskerming van die P.U. vir C.H.O. en Teologiese Skool. Die program sluit 'n tablo, koorsang en kort toesprake deur proff. J. P. Jooste, S. P. van der Walt en J. Chr. Coetzee in.**

Johannes Calvyn (sy oorspronklike Franse naam was Jean Cauvin) is op 10 Julie 1509 te Noyon gebore. In 1523 het hy 'n aanvang gemaak met sy studies in die teologie. Op agtienjarige leeftyd begin hy egter op versoek van sy vader regte studeer. Na die dood van sy vader het hy hom weer verdiep in die letterkunde. Op drie-en-twintigjarige leeftyd het sy eerste boek verskyn.

Waarskynlik het hy in November 1533 tot ander insigte begin kom. Hy het die Roomse leer verwerp en sy groot hervormingswerk begin. In 1535 het sy magistrale werk, Die Institusie, verskyn.

Op 7 Augustus vier die Potchefstroomse Universiteit Calvyn-jubileum, en wil op gepaste wyse hierdie groot hervormer se 450ste verjaardag herdenk.

## Veteraan

Die jongste uitgawe van **Die Veteraan**, kwartaalblad van die oudstudente van die P.U. vir C.H.O., het onlangs weer verskyn.

Die blad bevat interessante artikels oor die Universiteit en lewer 'n beeld van die bedrywighede van oud-studente en studente.

Dit is verkrygbaar by mnr. D. J. Elof, uitbreidingsbeampte aan die Universiteit.

**Hy wat nie wil nie wanneer hy kan, sal nie kan nie wanneer hy wil.**

# „GEPOLEERDE ALABAMA" LAAT SUIDWES VERLANG

Moet nou nie met die eerste oogopslag party van die woorde in die opskrif verkeerd gaan interpreteer nie: die „gepoleerde" wys nie op die toestand van sommige van ons toerlede nie—al was die meeste van ons se hande en monde die beste van die tyd blink. (Suidwes het baie biltong.) Die woorde is ontleen aan die **„WINDHOEK ADVERTISER"** van 6 Julie. Die opskrif was die volgende: „Visiting University group held polished concert".

En so was die hele Alabama-toer van 1959—„dit was 'n hoge toer". Sprekend van die toer was die pragtige samewerking wat daar van die begin af was. In sommige gevalle het hierdie samewerking tot iets veel diepers gelei: baie geluk aan Ben Bierman, Rita van der Wateren, Esmé van Rensburg en Johan van Niekerk.

Hoogtepunte was daar van die begin af. Van Karasburg se wêreld af het hulle mekaar die een na die ander opgevolg. Dwarsdeur Suidwes was die gasvryheid van die mense oorweldigend. Die spontaneïteit waarmee die groot gehore die program geniet het was genoeg om ons na elke opvoering te laat uitsien. Die skitterende wyse waarop Idyll van der Walt die gehore aan die gang gehou het, kan nie anders omskryf word nie as in die woorde van die DE AAR ECHO: „'n Groot deel van die konsert se sukses moet toegeskryf word aan die grappige wyse waarop Idyll van der Walt die gehoor besig gehou het. Met die voorstelling het hy die gehoor telkens laat skaterlag." Dan was daar natuurlik ook die gevalle waar die omgekeerde geldig was: spesies in die gehoor wat Idyll aan die lag gekry het en hom tevergeefs laat kla het oor sy verkoue waarvoor 'n yslike sakdoek dan onontbeerlik was.

Onder die opskrif: „Studenteluim laat ure lig-lig verby gly" sê DIE SUIDWESTER van 6 Julie verlangend: „Dis lekker om jonk te wees en pret te hê, pret te maak, boonop nog student te wees. So laat die klomp studente van die P.U. mens dink terwyl hulle met grappe en musiek die aand sommer so liglig laat verby gly. Dan verlang 'n mens sommer terug na die ou studentedae."

As daar enigsins twyfel word of die program wat die Alabama aangebied het die publiek bevredig het, word dit uitgewis deur die WINDHOEK ADVERTISER: „For many years, during winter holidays, groups of university students from the Union descend upon South West, staging choral and variety concerts and other stage productions. In the past some of these stage productions did not give South West public their money's worth. Much disapproval was expressed over these shows, and it was said that it seemed as if these students just came to South West on a cheap holiday. This year has proved the exception to the rule. One of the best Afrikaans variety concerts for many a year was staged Wednesday and Thursday nights by the Potch. University Group."

Die van ons wat gelukkig was om die toer mee te maak, is dankbaar vir die herinneringe wat altyd by ons sal bly. Elkeen het sy eie, maar in elkeen is 'n plekkie vir die see by Swakopmund.

En vir ons Pa en Ma — wie sal hulle ooit kan vergeet?

Die Alabama van 1959 het 'n ideaal gehad, en hierdie ideaal is verwesenlik: om aan die publiek, waar ons ook al mag gekom het, te toon dat ons STUDENTE is. Studente wat wel erns kan besef, maar dit kan vergeet as dit moet. Die 4,000 persone wat ons gesien en gehoor het, en £1250 aan ons besorg het (ons het £700 onkoste gehad), sal ons nie vergeet nie. Ons sal hulle ook nie vergeet nie.

**Laat jou spraak beter wees as stilte—of bly liewer stil.— Dionysius.**



JANET says:
for: • SWEETS
• GRILLS
• COOLDRINKS
Take me to the —
Grand Cafe, President Cafe, or Van Riebeeck Cafe.

# „Sunday Times” Geantwoord

Die Redakteur,
Die Wapad,
P.U. vir C.H.O.

Waarde Heer,

In een van die Sondagblaaie by name die „Sunday Times” van 5 Julie 1959 is daar weer 'n onverdiende en onwelkome aanval op die P.U. vir C.H.O. geloots oor die tennistoernooi van die S.A. Universiteite wat hier plaasgevind het.

Allerhande onwelriekende beskuldigings en valshede het op tipies sensasionele wyse weer „headlines” gemaak. Onder andere is ons van die volgende beskuldig:

1. Dat ons geen sosiale verkeer tussen die twee geslagte toelaat nie en dat dit die rede is waarom die toernooi hierdie jaar mans en dames apart en op aparte bane laat meeding het. Wie ook al vir dié berig verantwoordelik is se kennis is net so kort as sy fatsoenlikheid want hy of sy weet nie eens dat in die 13 jaar wat die toernooi gespeel word dames en mans apart meeding om aparte bekers nie. Die persoon is ook salig onbewus daarvan dat die meeste universiteite nie oor genoeg bane beskik om die mans en dames almal by dieselfde sentrum te laat speel nie.

2. Ons sou ook dan nie genoeg onthale gehad het nie—nou wonder ek wat word 'n dinee, bioskoop, funksie in die kafeteria, onthaal deur ons geëerde Burgemeester, teegeselligheide, ens., genoem. Vir die arme persoon is 'n onthaal seker dit wat hy ons van beskuldig het wat nie plaasgevind het nie en toe reken hy maar hier was nie onthale nie.

3. Wat betref die „vreeslike dinge” wat daar dan kwansius in die hotelle plaasgevind het is dit baie snaaks dat nie een van die 16 kapteins, wat vir hulle span se gedrag verantwoordelik was, of een van die 80 spelers wat aan die toernooi deelgeneem het daarvan geweet het nie. Die dinge moes werklikwaar baie misterieus plaasgevind het as die mense wat dit gedoen het nie eers daarvan weet nie, miskien het die geagte skrywer van die „scandal” 'n sesde of sewende dimensie ontdek waarin dit plaasgevind het en waarvan sielkundiges nog nie weet nie.

4. Ons owerhede is ten onreg geblameer dat hulle vir die dinge verantwoordelik is omdat hulle nie die koshuise kon afstaan nie. Langs hierdie weg wil ek namens die P.U.-Tennisklub en ook as afgetrede voorsitter van die S.A.U.-Tennisunie my dank betuig aan die owerhede van die P.U. vir C.H.O. vir die reuseaandeel wat hulle gehad het in die sukses van hierdie „beste toernooi wat nog ooit plaasgevind het” om die woorde van I. Froman en C. de Haes (Wits en U.K.) te gebruik wat albei al 5 toernooie bygewoon het.

Die blad kon meer aandag gegee het aan die besondere hoë standaard van die S.A. Universiteite se tennis en minder 19de eeuse „fairytales” uitgedink het. Ek is seker dit is net die „fairies” wat bewus is van die dinge waarvan die studente beskuldig is en miskien weet hulle dit ook nie.

Ek hoop en vertrou dat u my brief net so sal plaas aangesien ek voel dat ons die saak darem in die regte lig moet stel.

(Get.) E. J. de Jager,
namens die P.U.-Tennisklub en
S.A. Universiteite.

## WITS REAGEER

The Editor,
Wapad,
Potchefstroom University,
Potchefstroom.

Dear Sir,
Re: Deel XIV—No. 10 of Wapad.

In the above issue of your publication there appears an article on page one headlined "Diskriminasie Teen Afrikanerstudente". This article is factually incorrect in that it states that no student from our University may go as a Wits student officially. In actual fact our decision is that no student may represent a society recognised by the S.R.C. at an A.S.B. Congress. We would never presume to regulate the individual lives of our students.

I would not further agree where you say that we are discriminating

(Vervolg in kolom 4)

## Wits Reageer

(Vervolg van kolom 3)

against Afrikaners as this rule, which is, of course, a limitation on society activity, applies to Jewish, Catholics and all other religious or cultural organisations.

Yours sincerely,
JOHN SHINGLER,
Students' Representative Council.

[Die betrokke paragraaf in DIE WAPAD lui as volg: „Geen student van Wits mag voortaan 'n vergadering van die A.S.B. as Witsstudent bywoon nie. Daar is egter geen beperkinge op die reg van 'n student om enige vergadering in individuele hoedanigheid by te woon nie.”—Is dit 'n „working knowledge” van Afrikaans wat die probleem is, mnr. Shingler?—Red.]

## STAP UIT VERSLAG

(Vervolg van bl. 1)

(i) die verteenwoordigers tot ander insigte kon kom en by hulle verskillende studenterade aanbevelings kon maak met die oog op die formele stigtingsvergadering van so 'n federasie.

(ii) Ons op hierdie stadium van die saak besig moes wees om gedagtes te wissel oor die hele saak soos die noodsaaklikheid of wenslikheid van so 'n liggaam.

(iii) Dit in stryd is met bogenoemde notulebesluit van die A.S.B.-kongres.

Na die stemming sou die grondwet van S.A.N.S.O. self bespreek word. Ek het op die stadium aangekondig dat ek nie bereid is om verder oor 'n saak te redeneer wat ek in beginsel verwerp nie, aangesien dit verder sou gaan oor die bespreking van die grondwet, punt vir punt, en gevra om van die vergadering verskoon te word. Die rede vir my weiering om verder aan die bespreking deel te neem was:

(i) Ons het nie voldoende geleentheid gehad om oor die beginsel van die saak te redeneer nie, en

(ii) dit was vir my 'n verdere saak wat van belang is slegs vir diegene wat voel vir 'n federasie.

Volledige verslag moet nog aan die Studenteraad gedoen word, en die Studenteraad kan dan besluit oor die optrede van sy verteenwoordiger.

(Get.) H. J. D. VAN DER WALT.

## Slawiese Musiek

Geagte redakteur,—Ons het geen beswaar teen die kwade self nie, solank ons maar net die **skyn** van die kwade vermy: dit is die indruk wat geskep word deur die feit dat die Musiekvereniging ter elfder ure voor hul toer hul program moes laat verander om — meen ek — **Slawiese Danse** in nuwe gewaad voor te stel as **Slawiese Musiek.** Verander 'n mens nou 'n roosboom in 'n kakiebos deur 'n ander etiket om sy stingel te bind?

Agtend die uwe,
KAKIEBOS.

**Die Dawie Doepers is versoek om prof. Bossie se pale en drade met rus te laat terwyl hy die op die terrein aktief is.**

**Leon Thom wil 'n winkel open waar hy troeteldiere sal verkoop. Maar eers wil hy buikspraak aanleer want hy wil papegaaie ook verkoop.**

## UITSTALLING

'n Tentoonstelling van skilderye deur Käthe Kollwitz vind hierdie week in die studiesaal van die biblioteek onder beskerming van die Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum plaas.

Käthe Kollwitz is in 1867 in Oos-Pruise gebore. Op die ouderdom van vier en twintig jaar het sy in die huwelik getree met 'n geneesheer wat in die armoedige agterbuurtes van Berlyn gaan praktiseer het. Agtien jaar lank het sy die lief en leed van die volk belewe.

Haar lewensomstandighede het 'n geweldige invloed op haar kunsontwikkeling gehad. „Ek moet werk in hierdie tyd waarin die mense so 'n groot behoefte aan raad en hulp het”. Dit is dan ook die leuse van haar kuns. Haar skeppende meegevoel het haar laat ryp tot een van die grootste humane figure wat aan hierdie tyd geskenk is.

Die grondtoon van haar kuns is sosiale deernis. Haar kuns het onder invloed van die naturalisme ontwikkel, 'n beweging wat die natuur en alles mensliks wou sien soos dit werklik was, sonder valse patos, sonder idealisering, sonder sosiale konvensie. In die aardse lewe en sy tragiek het die waardes gelê waarna gesoek moes word. Die arbeider en sy ellende is as tema van die kuns ontdek. Sy was in staat om die leed van ander haar eie te maak, want die leed was vir haar alomteenwoordig, so veelvuldig soos die lewe self.

Haar kuns is hoofsaaklik grafies van aard en sy gee voorkeur aan die kragtiger en plastiese moontlikhede van die houtsnee en litografie.

Käthe Kollwitz is geen stylvernuwer soos Van Gogh byvoorbeeld nie. Sy maak van tradisionele en konvensionele middele gebruik, soos die **Carmagnole** getuig. Tog het sy 'n heel persoonlike aanwending van die styl. Met swart en wit bereik sy groot vereenvoudiging van ekspressie.

Sy is nie in noue kontak met die groot strominge van haar tyd soos die Ekspressionisme nie en is nie in die dinamiese stroom daarvan nie. Sy gebruik alleen bekende stylmiddele en doen dit sterk selfekspressionisties. Sy is nie skoonheidsoekster nie; sy getuig haar deernis en is daarvoor op haar styl aangewese.

Van haar beste werk is haar selfportrette waarin sy nie streef na uiterlike mooiheid nie, maar alles reduseer tot die essensiële en die wesentlike: menslike begrip en deernis. Daar is geen stuwende lyn in haar kuns nie. Sy durf die lewe self aan en met swaar, dik en kragtige omlyning verkry haar werk 'n ekspressiewe karakter soos **Die Swanger Vrou** getuig.

Haar latere werk veral is monumentaal, die grondtoon van swaarmoedigheid is behoue en die lyne is beeldend van die hele mens.



DIENS!
OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .
Mooirivier-Apteek
205. Kerkstraat
Telefoon 380.



Ons maak 'n klankie vir
Kollege Kontantwinkel
SOMMER HIER BY U!
Tel. 2912.



Claustrophobia?
★
IS U BEKOMMERNIS DIE WOORD „STUDIE”?
MAAK DAARDIE WOORD INTERESSANT EN DUIDELIK —
KOM NA
PRO REGE PERS
DIE
POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL
Kerkstraat 95 — Tel. 1164
BOEKHANDEL
ANTIKWARIAAT



OP U PAD . . . .
Die Welkom-kafee
'N STUDENTEKAFEE!
* * *
H/v. President en Von Wiellighstrate.



CHRONIESE LOU VERWARMERS?
Stook hom met
OOSTHUIZEN se KOLE
Kerkstraat 104. Tel. 312

## In 'n Lig

## 'n Broodkoning?

**Joh. 6 : 21. Jesus antwoord hulle en sê: Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het.**

Na die vermeerdering van die brode wou die skare Jesus Koning maak. Iemand met soveel mag kon hulle mos maklik verlos uit die hand van die Romeine. Hy kan mos 'n magtige aardse koninkryk stig. Dan sal Israel weer vry wees, weer 'n magtige volk wees!

Maar Jesus ken die volk. Hy weet dat hulle nie na Hom toe kom omdat hulle in Hom glo nie, maar omdat hulle van die brode geëet en versadig geword het, omdat hulle Hom nou nodig gehad het om hulle weer uit die slawebande en hulle nood te verlos. Jesus is geen Broodkoning nie, Hy is die lewende Brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie Brood eet sal hy lewe tot in ewigheid.

Geagte leser, is Jesus vir u die Brood van die ewige lewe, of is Hy vir u 'n Broodkoning? Ons is so geneig om, soos Israel, in tye van voorspoed ons Koning te vergeet en te lewe soos die wêreld. Ons godsdiens, ons gebed, kan dan so maklik 'n blote roetine word. Maar in tye van nood en verdrukking, as ons smag na brood, na verlossing van aardse kwelling, dan vlug ons na Jesus. Dan is Jesus goed om vir ons 'n Broodkoning te wees.

Jesus Christus is die Koning in ons lewe. Nie 'n Koning wat ons tydelike brood gee, wat ons net help as ons in nood is nie, maar 'n Koning wat ons dwarsdeur ons lewe, in voorspoed en in druk, altyd naby is. Daarom moet Hy altyd en onder alle omstandighede ons Koning wees, en nie vir ons 'n Broodkoning word nie, want Hy is die lewende Brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand hierdie Brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid.

C. J. VAN VUUREN.

---

**Die aptekers wil 'n skoonheidskompetisie vir mans uitskryf. Hul pryse is besonder aantreklik. Die mansmens wat eerste kom, kry 'n gratis vakansie van een week op Fochville. Die een wat tweede kom, kry twee weke.**

---

**Wie in kennis nie vooruit gaan nie, gaan agteruit.—Die Talmoed.**

## A.B.K.K. KUNSFEES

Die jaarlikse kunsfees van die A.B.K.K. vind vanaf 11 Augustus tot 15 Augustus in die Totiusgedenksaal plaas.

Die volledige program is soos volg:

Dinsdagaand, 11 Augustus — Thalia Toneelvereniging.

Woensdagaand, 12 Augustus — Alabama Studenteorkes.

Donderdagaand, 13 Augustus — Musiekvereniging.

Vrydagaand, 14 Augustus—Volkspelesaamtrek.

Saterdagaand, 15 Augustus — Simfoniekonsert.

Gedurende die week is daar uitstallings van fotografiese en beeldende kunste in die Kafeteria.

Toegang by die geleenthede in die saal: Volwassenes 3/6 per aand of 5/- per weekkaartjie. Studente en skoliere 3/6 per weekkaartjie of 1/6 per aand. (Hierdie fooie geld nie vir die Simfoniekonsert nie.)

Kaartjies is by die Studenteraadskantoor verkrygbaar.

## Richard Hauptfleisch

**Mnr. Richard Payne Hauptfleisch (beter bekend as Dick Hauptfleisch), oudstudent van hierdie Universiteit, is op Sondag, 26 Julie in Pretoria oorlede.**

**Die oorledene het sy studies alhier in 1956 voltooi, en was ook 'n voormalige krieketkaptein aan die P.U.**

**Mnr. Hauptfleisch was verbonde aan die diplomatieke korps.**

**Graag dra ons hiermee ons meegevoel oor aan die familie en naasbestaandes.**

## APTEKERSKONGRES

'n Afvaardiging van die Potchefstroomse Aptekerstudentevereniging het tydens die Julie-vakansie die sesde Jaarkongres van die Suid-Afrikaanse Aptekerstudentefederasie in Port Elizabeth bygewoon. Hierdie federasie is die verteenwoordigende liggaam van die sowat 600 Aptekerstudente in Suid-Afrika. Die Potchefstroomse afvaardiging het bestaan uit Johan van der Walt, Marius Coetzee, Johan Offermeier en Frans Schutte.

Dit was die tweede keer dat Potchefstroomse studente die kongres bywoon, en vanjaar het die Pukke 'n leidende rol gespeel. Vir die eerste keer sedert die ontstaan van Federasie het Afrikaans volle erkenning op elke gebied verkry. Twee Pukke is op die hoofbestuur verkies, nl. Johan van der Walt (onderpresident) en Marius Coetzee.

Die belangrikste aspek van die kongres was die uitvoerige behandeling van onderwyssake. Verskeie belangrike mosies is aanvaar met die oog op verbetering van die onderwysstandaarde van Farmasie.

## Thalia-Toer

(Vervolg van kolom 4)

uitstekend bygestaan deur die spelers in die ondersteunende rolle. Die mense op die verhoog het soms die verrassende nuwighede net so geniet as die gehoor!

Thalia het dus 'n baie suksesvolle toer agter die rug. Beide die studente en die reisouers, mnr. en mev. Pieter du Plessis, dink met aangename herinneringe terug aan 'n baie geslaagde toer.

Benewens verskillende naweektoere, beoog Thalia om die toerstuk op 11 Augustus in die Totiusgedenksaal op te voer.

# THALIA-TOER ....'n Groot Sukses

Onder leiding van mnr. Andries Yssel het Thalia die afgelope vakansie 'n uitgebreide toer deur Noord-Oos Kaapland onderneem. Die wins van ongeveer £475 getuig van die ywer waarmee elke toerlid besiel was.

Die toer het op Vrydag, 26 Junie 'n aanvang geneem. Die swak opkoms by die eerste opvoering kon nie die groep se geesdrif demp nie, en een vol saal na die ander het gevolg. Op plekke soos Maclear, Lady Grey en Bethulie was daar ten spyte van swaar reëns en nat paaie, tog 'n redelike opkoms. Finansieel was die toer dus 'n sukses.

Tussen al die bedrywighede soos opvoerings, kaartjies verkoop en reklame maak, was daar egter ook tyd vir allerhande ontspanningaktiwiteite. Die feit dat daar slegs een kys (dié van Etienne Stassen en Marietjie Conradie) uitgebroei het, wil nie sê dat die toer nie sosiaal suksesvol was nie. 'n Besondere goeie gees het geheers—veral tussen die mans en dames!

Die studente is oral baie gasvry ontvang en getrakteer. Die Noord-Kaaplanders het werklik ontdek wat 'n student se eerste liefde is—kos!

'n Hoogtepunt (ook letterlik!) op die toer wat seker die treinrit deur die berge van Lady Grey na Barkly-Oos met die sg. „Chicken-Express", waar die gejaagdheid van die moderne lewe geen invloed toon nie.

'n Besonder wipperige episode was toe sommige van die mans dit gewaag het om perd te ry. Terwille van die goeie gees en die plaaslike aansien van die betrokke persone, wil niemand egter name in dié verband verstrek nie.

Die blyspel, „Kandidaat van Bommel", het veral nadat dit „gestudentifieer" is besonder byval gevind en die groot gehore laat skaterlag. Die hoofspelers, Dries Yssel en Bets Coetsee, het hulle rolle goed vertolk en het gunstige kritiek, selfs van toneelkenners, uitgelok. Hulle is

Vervolg in kol. 3)

## Nuwe Laboratorium

'n Nuwe gebou vir die departement Huishoudkunde gaan deur die P.U. opgerig word teen 'n koste van £40,000. Die gebou word opgerig naby die Fisika-laboratorium, regoor Universiteitstraat. Die Raad van die Universiteit het reeds 'n tender in dié verband aangeneem.

Twee nuwe kookkuns-laboratoriums vir individuele werksplekke van huishoudkunde-studente—sover bekend die enigste van sy soort in die land — 'n voedselnavorsingslaboratorium vir gevorderde studente, 'n laboratorium vir chemiese en mikroskopiese navorsing in verband met voeding, tekstielsoorte, ens., 'n laboratorium vir kleding, twee lesingsale vir demonstrasiedoeleindes en 'n spesiale eetsaal word in die vooruitsig gestel.

Die beplande nuwe gebou bestaan uit 'n grondvloer met een verdieping, waarby later nog 'n verdieping gevoeg kan word.

In die laboratorium sal navorsing gedoen word ten opsigte van allerlei probleme wat die moderne huisvrou konfronteer: hardheid van water, bruikbaarheid van seepsoorte, waspoeiers, blousels, stysels, ens.

Studente ontvang onderrig in moderne organisasie, onderhoud, en bestuur van die huishouding. Daar word geleer hoe om 'n huis in te rig en sleurwerk uit te skakel.




Vir daardie **hol gevoel** op die maag bak ons die **HEERLIKSTE VLEISPASTEITJIES**

**TURKSTRA BAKKERY**
(Edms.) Bpk.
KERKSTRAAT 61

**Op pad . . .**



na
**GEEN & VELLEMAN**
vir hulle
**FOTOGRAFIESE en APTEKERSBENODIGDHEDE.**
Volg hom na:
**Kerkstraat 178.**

**Uit die mond van die suigeling . . . . !**



**Dameth en Heerge**
**Die Bult Apteek**
IS TOT U DIENS
Vlak onder u Neus
Tomstraat 86 Tel. 3091

**PUKKE.....**



Vir julle **BLERKASTE** en ander **ELEKTRIESE BENODIGDHEDE**
**W. J. SPAVINS en SEUN**
Kerkstraat 101 Tel. 185

**POTCHEFSTROOM DRANKWINKEL**
GROOT- EN KLEINHANDELAARS IN DRANK.
(Direkteur/Director: D. N. Smith)
WHOLESALE AND RETAIL SPIRIT MERCHANTS
**POTCHEFSTROOM BOTTLE STORE**
**Foon/Phone 214 - - - - - - - Posbus/P.O. Box 6**
**KERKSTRAAT 185**

Cachet Modes
**(EDMS.) BPK.**
**TOMSTRAAT 92**
**POTCHEFSTROOM**
**Telefoon 1389.**

ONS SPESIALISEER IN DRAG VIR JONG DAMES, VERAL

**KERKDRAG**
**Nomottawol**
**IN VOORRAAD**



# *S.A.U. Tennistoernooi*

VANAF 29 JUNIE TOT 4 JULIE HET DIE S.A. UNIVERSITEITE TENNISTOERNOOI OP POTCHEFSTROOM PLAASGEVIND. AL DIE UNIVERSITEITE WAS GOED VERTEENWOORDIG, BEHALWE U.O.V.S. WAT NIE DAMESSPEELSTERS GESTUUR HET NIE. WITS. HET EGTER TWEE DAMESPANNE GESTUUR.

DIE WENNERS WAS UNIV. KAAPSTAD IN DIE MANSAFDELING EN UNIV. PRETORIA IN DIE DAMESAFDELING.

Die P.U.-spanne het goed gevaar:

**MANS:**

P.U. verloor teen Kaapstad 5—1.
P.U. verloor teen Wits. 6—0.
P.U. verloor teen Pretoria 4—2.
P.U. verloor teen Rhodes 5—1.
P.U. verloor teen Natal 6—0.
P.U. verloor teen Stellenbosch 4—2.

P.U. klop U.O.V.S. 4—2.

Die Pukke slaag dus daarin om U.O.V.S. dié keer te klop. Wedstryde wat die Pukke gewen het was die volgende:

E. Jager klop Ashburner (U.K.) 7—5; 6—2.
A. Makkink klop Closenberg (U.R.) 3—6; 6—2; 6—3.
E. de Jager klop Spity (U.P.) 6—4; 6—1.
J. Brewis klop Groenewald (U.O.V.S.) 6—4; 2—6; 6—1.
E. de Jager klop Lampbrecht (U.O.V.S.) 6—1; 6—4.
F. Albertyn klop Pietersen (U.O.V.S.) 6—2; 6—2.
A. Makkink klop Taljaard (U.S.) 6—2; 6—2.
De Jager en Albertyn klop Lampbrecht en Pietersen (U.O.V.S.) 6—2; 4—6; 8—6.
Makkink en Brewis klop Van der Walt en De Villiers (U.P.) 6—8; 6—4; 10—8.

Indien die P.U. die laaste dubbelspelle teen Pretoria gewen het sou die uitslag 3 elk gewees het maar na 'n verbete stryd van meer as 1½ uur moes De Jager en Albertyn die stryd gewonne gee met 4—6; 6—2; 7—5.

Ander baie goeie tellings was die volgende:

Makkink verloor teen Spengler (die kampioen van die toernooi) met 6—1; 3—6; 6—1.

De Jager en Albertyn verloor teen Siddle en Berkowitz (Wits.) met 5—7; 6—4; 6—2.

Albertyn verloor teen O'Conner (Natal) 6—4; 12—10.

P.U. het 'n totaal van 310 spelle gewen en 448 verloor.

**DAMES:**

P.U. verloor teen Wits. A 6—0.
P.U. verloor teen Wits. B 6—0.
P.U. verloor teen Kaapstad 6—0.
P.U. verloor teen Natal 4—2.
P.U. verloor teen Rhodes 6—0.
P.U. verloor teen Pretoria 6—0.
P.U. verloor teen Stellenbosch 6—0.

Die P.U. kon dus slegs twee wedstryde wen:

S. Klopper klop W. Sephton (Natal) 4—6; 6—0; 8—6.

Putter en Schoombee klop Sephton en Faircliff (Natal) 6—4; 6—1.

Daar was egter talle ander wedstryde waarin die P.U. dames ongelukkig was om te verloor, bv.—E. Faure en S. Heyns verloor albei teen Wits. B se spelers met 6—2; 8—6. In die beide gevalle was dit gebrek aan spel-afronding wat ons dames van oorwinnings beroof het. S. Heyns was ook ongelukkig om teen Fairhead (U.S.) met 8—6; 6—2 te verloor. Ook. S. Putter wat met 6—3; 4—6; 8—6 deur Du Preez (U.P.) geklop was, was ongelukkig om te verloor. In die dubbelspelle was dit Faure en Meyer wat baie goed vertoon het met tellings soos 6—4; 1—6; 6—2 teen Wits. A, en 6—2; 4—6; 6—4 teen Kaapstad. Beide wedstryde kon in die P.U. se guns geëindig het met die nodige afronding.

Daar moet ook in gedagte gehou word dat die dames se standaard besonder hoog was en dat ons dames met alle eer uit die stryd getree het.

A. Makkink van die P.U. is ook gekies om die S.A.U. teen Wes-Transvaal te verteenwoordig en ons wens hom baie hartlik geluk.

Die gekombineerde span van die studente het Wes-Transvaal met 13 wedstryde teen 4 geklop en Spengler het 6—0; 6—2 oor Hough, die Wes-Transvaal kampioen, geseëvier, terwyl mej. Van der Merwe vir mev. Papendorf van Wes-Transvaal met 6—2; 6—4 geklop het.

Die toernooi was aangenaam en die P.U.-spelers het veel geleer.

**When you think you're sitting on top of the world, remember it does a complete spin every twenty-four hours.**

## Hokkie

**DAMESHOKKIE**

Die spel van die Puk dameshokkiespan was baie teleurstellend gedurende die Inter-Universitêre Hokkietoernooi wat vanaf 17—23 Julie te Bloemfontein gehou is. Die span wat een van die sterkste spanne in Wes-Transvaal is, kon slegs daarin slaag om die tweede-laaste plek te verower.

Gedurende die eerste twee dae van die toernooi was die weer baie sleg en die bane nat, en het die span ongelukkig teen drie van die sterkste spanne te staan gekom. Eers in die wedstryd teen U.O.V.S. het hulle gewys waartoe hulle instaat is, en in 'n baie mooi wedstryd 'n oorwinning van 5—0 behaal.

Reeds in die eerste wedstryd is die span effens verander, en is Jo Schoeman op die verdediging geplaas waar sy skitterende spel gelewer het. Die speelster wat die meeste uitgeblink het was Albertha Howell.

Jean Venter het ook baie goeie verdedigende spel gelewer, en sy het drie hokkiestokke gedurende die toernooi stukkend geslaan—beslis 'n rekord!

Sommer in die eerste wedstryd na die vakansie het die Pukke weer gewys waartoe hulle instaat is toe hulle K.A.A.A. (2) gewen het met 8 doele teen twee. In die wedstryd was die uitblinkers veral Ina Kleynhans, wat 4 doele geskiet het, en Albertha Howell.

**MANSHOKKIE**

Die manshokkiespan het baie beter gespeel as die dames, alhoewel hulle ook maar met die tweede-laaste plek tevrede moes wees.


Hulle spel het geensins afgesteek by die van die ander universiteite nie, en die klein aantal punte wat teen hulle aangeteken is, bewys dat hulle maar net ongelukkig was om die wedstryde te verloor. Hulle het egter daarin geslaag om die span van Stellenbosch te verslaan.

'n Speler wat baie goed gespeel het was Barry Pithey. Hy is vir die proewe gekies, maar is ongelukkig nie gekies vir die Proteaspan nie.

Die Bloemfonteiners het die toernooi baie goed gereël, en behalwe dat dit in die begin baie koud was en die bane papnat, het die toernooi baie goed verloop. Volgende jaar vind die toernooi op Pretoria plaas.

**Hulle wat die meeste te doen het en graag werk vind die meeste tyd.—Smiles.**


MOENIE.....



MET 'N KOUE PAMPOEN OM DIE BOS GELEI WORD NIE!

CORNER FRUIT STORE

„U KEN ONS!"


RUGBY:

# PUKKE IN DIE VRYSTAAT

Op Saterdag, 11 Julie het 'n verswakte Puk-span die kampioen-span van die Vrystaatse Goudveld, Welkom Rovers, aangedurf op Welkom. Die voorspelers moes klaarkom sonder sulke staatmakers soos Piet Steinberg en Frans de Bruyn. Van die gewone agterlyn was slegs H. B. v.d. Walt en Leon Thom oor (Bok Fourie het senter gespeel), terwyl C. Grundlingh (O-19) losskakel gespeel het in die beseerde Piet v.d. Schyff se plek. Dit sê dus veel vir die Pukke se spel dat hulle slegs 9—6 verloor het teen so 'n sterk span. Ons manne het moedig probeer, maar hulle kon nie die mas opkom nie.

## Puk Verslaan Vryburg

Saterdagmore het drie Rugbyspanne na Vryburg vertrek om daar aan vriendskaplike wedstryde deel te neem. Ten spyte van 'n vermoeiende rit en 'n stewige maaltyd van gasvrye mense, het die eerstespan daarin geslaag om die sterk span Vryburg I te klop (9—3).

Die wedstryd was gekenmerk deur oop, vinnige Rugby en dodelike verdediging aan weerskante. Die Pukvoorspelers was egter te swaar en te beweeglik vir die tuisspan. Keer op keer is die Vryburgers van die merk afgestoot, en as die bal losrol, was Koos en Amie by om die spel voort te sit. Die agterlyn, met 'n nuwe skakelpaar in Swart en Jan v.d. Schyff aan die spits, het by tye mooi beweeg. Philips het weereens bewys dat hy nie maklik gekeer word as hy die bal het nie. Rassie v.d. Westhuizen het ook nie 'n voet verkeerd gesit nie.

Vir die Pukke het Koos du Plooy en Swart elk 'n drie gedruk, en Jan v.d. Schyff het met 'n strafskop geslaag. Vryburg se enigste punte het gekom van 'n strafdoel.

(Vervolg in kolom 5)

Maandag, 13 Julie was dit 'n perd van gans 'n ander kleur toe die Pukke opdraf teen Natal Universiteit. Met Jan v.d. Schyff en Piet Steinberg weer terug, en met die voorneme om die vorige neerlaag te wreek, het die Pukke vol vuur die stryd aangeknoop. Van die begin af was die Pukke onkeerbaar en binne die eerste 10 minute het hulle 10 punte aangeteken. Hierna het die Puk-voorspelers beide die vas- en losspel oorheers, en die Natallers moes net keer. Koos du Plooy op die vleuelposisie het ook lus gehad om te hardloop en het Natal grys hare besorg. Die eindtelling was 18—3 in die Pukke se guns.

(Vervolg van kolom 4)

**NAVY:**

Na 'n aanvanklike mooi begin het Navy effens verslap sodat hulle op een stadium 8—5 agter was in hulle wedstryd teen Molopo Sub-Unie I. Later het die Pukke reggeruk en die eindtelling was 14—8 in Navy se guns. Kenmerkend weereens was dat albei spanne die spel oopgehou het en goed verdedig het.

**FIRES:**

Nadat hulle rustyd 5—0 voorgeloop het, het Fires in duie gestort en moes die stryd gewonne gee teen Vryburg II met 17—5.

# Die Toer van die Jaar

Soos die lekkerste bak poeding gedaan raak, het ook die 1959 Bofbaltoernooi aan sy einde gekom in Durban. Op hierdie veel geroemde toernooi het die twaalf stilste en mees ingetoë Pukke hul Alma-mater verteenwoordig.

Die span het baie goed geslaag. As in aanmerking geneem word dat dit buite hulle eie speelseisoen is, in 'n vreemde landstreek met 'n totaal anderse lugdruk en nog bo alles in 'n vreemde taal, dan is 'n oorwinning vir hierdie span ondenkbaar. In weerwil van hierdie uiters ongunstige omstandighede het hierdie reuse daarin geslaag om een gelykop beslissing te behaal en slegs drie wedstryde verloor.

Spesiale vermelding moet gemaak word van die span se knap bestuurder. Met sy altyd taktiese raad en vurige aansporing op die veld sowel as daarvan af, het hy hierdie span gevoer tot bomenslike prestasies. Hierdie kenner van die Yankee-spel is niemand anders as die ex-president Johan van der Vyver nie. Sy span is so geinspireer dat Gustav du Toit en Rassie van der Westhuizen se vertonings van so 'n hoë standaard was, dat hulle outomatiese keuses was vir die gekombineerde Universiteite B-span. Toy Dannhauser se kragtige stem en stil geaardheid het homself die pos van onderbestuurder van laasgenoemde span besorg.

'n Persoon wat homself besonder ongelukkig kan ag om nie gekies te word nie, was Koos du Plooy. Hierdie kêrel verstaan die kuns om wind te vang in plaas van die bal.

By die „Amusement Park" het die kêrels ook nie hul Alma-mater in die steek gelaat nie. So het dit een aand gebeur dat twee knape sewe dose van die duurste likeurs gewen het. Om begrypliker wyse word hul name verswyg anders sal hierdie twee reeds gewilde kêrels nog meer gewild wees onder die plaaslike talent.

Samevattend kan gesê word dat die toer in alle opsigte 'n resuse sukses was, danksy die taktvolle leiding van die kaptein Albert Viljoen. Lank lewe die 1959 Bofbaltoernooi!

P.E.B.


„LIEWE INGRAM, EK VERLANG"

BESOEK —

INGRAM SE DRANKWINKEL

Allerlei • WYNSOORTE, BIER en STERKDRANK

asook • KOELDRANKE en VARS LEMOENSAP

(5/- 'n halwe kan — 9/6 per gellingkan)

„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN"



REBA-KAFEE

Tomstraat 88

DORS?

HONGER?

Bestorm ons om kronies versadig te raak.